

Die Here help ons deur die moeilike dele

Teks: Josua 3

Lees ook Psalm 114

Hulpmiddels:

- Ark: neem 'n lekker groterige kartonboks. Maak gate vir besemstokke aan die bo-kant van die karton. Druk twee besemstokke daardeur sodat die boks daaraan kan hang. Jy kan 'n mooi lap oor die boks gooi sodat net die vier punte van die besemstokke uitsteek.
- Indien jy Bybelse klere of lappe het, sal dit lekker wees om die karakters aan te trek.
- 'n Groot stuk blou plastiek ongeveer 1 meter by 5 meter lank. (Mens kan blou bouersplastiek by enige hardeware winkel koop.)
- Papierborde
- Twee toue



WELKOM

* “Stap-deur-die-Jordaan”-speletjie

Neem so 8 papierborde en twee toue. Gooi die toue op die vloer om die twee walle van die rivier voor te stel. Plak die papierborde tussen die toue vas dat dit soos die klipies in 'n rivier lyk. Dit moenie te moeilik of te maklik vir die kinders wees nie. Jy kan dit ook by die ingang van die vertrek doen sodat die kinders eers deur die “Jordaan” moet kom om in die vertrek te kom.

* “Dra-mekaar”-speletjie

Maak groepies van 3. Laat twee oorkant mekaar staan en hulle hande vashou. Laat die 3de een op hulle hande gaan sit. Neem hulle nou weer na die “rivier” met die “papierbordklippe” en laat hulle kyk of hulle nou weer deur die rivier kan kom deur net op die klippe te trap. Hulle kan ook beurte maak om gedra te word.

* “Reinig jou!”-speletjie:

Elke keer as jy sê “Reinig jou!” moet die kinders opspring en hulself afskud.

Elke keer as jy sê “Slaan kamp op!” moet die kinders gaan lê. Kyk of jy die kinders kan deurmekaar maak deur eers die opdragte stadig te gee en later al hoe vinniger. Die wat gaan lê as jy sê “reinig jou” of andersom, val uit. Jy kan ook dieselfde opdrag oor en oor gee om te kyk of die kinders mooi luister.



WYDING

Temalied: “Ons God is 'n Wonder God” (Flam 85)

Stilword-ritueel:

Speel die klanksnit, sê die woorde en doen die aksies soos by ontmoetings 20 en 21 beskryf.

Doen die volgende opvoering met die kinders:

Jy benodig: Josua, 4 priesters, 2 belangrike manne en die res van die kinders wat die volk kan wees.

(Speel die gedeelte uit soos jy dit vertel. Gooi die strook bouersplastiek in die middel van die vertrek.)

Josua en die volk Israel moes deur die Jordaanrivier kom om die beloofde land wat die Here vir hulle gegee het, in te neem. Hulle het by 'n dorpie naby die rivier met die naam Sittim gebly. *(Laat almal daar lê en maak of hulle slaap.)* Hulle het een oggend vroeg kamp opgeslaan en na die Jordaanrivier toe geloop. *(Laat hulle tot by die plastiek loop. Die "priesters" tel nou die "ark" op en loop in die middel van die groep, want hulle beskerm die ark.)* Toe hulle daar kom, het hulle gesien dat die Jordaan baie vol was. Die water het amper oor sy walle geloop. Dit was oestyd en in oestyd was die Jordaanrivier altyd baie vol.

Toe die volk naby die rivier gekom het, het die belangrike manne van die volk eers gaan kyk na die rivier en 'n plek gesoek waar hulle kan kamp opslaan. *(Laat die twee belangrike manne gaan soek vir 'n plek.)* Daar het hulle vir drie dae gebly. *(Laat almal weer daar naby die water gaan lê.)* Josua en sy manne het lank gepraat en planne gemaak. Hulle het 'n plek gesoek waar hulle die rivier sal kan oorsteek. *(Laat Josua en die twee belangrike manne langs die plastiek op en af loop.)* Hulle was baie bang omdat die rivier so vol en die stroom so sterk was. Die Here het egter met Josua gepraat en vir hom gesê dat die priesters met die ark op hulle skouers voor moet loop en eerste deur die rivier moet gaan. *(Laat Josua eenkant gaan staan en opkyk.)*

Die verbondsark was vir hulle baie spesiaal, want dit was waar die twee kliptafels met die 10 gebooue op gebêre was. Hulle wou daarom altyd die verbondsark beskerm, want dit was vir hulle die bewys dat God by hulle sou wees.

Die Here het egter aan Josua belowe dat Hy met hulle sal wees en die ark sal bewaar. Hy het ook gesê dat Hy die Jordaanrivier sal laat droog sodat die volk droogvoets deur die rivier kan trek.

Josua het toe die hele volk bymekaargemaak en gesê dat hulle hulself moet reinig, want die volgende oggend sou hulle groot wonders beleef; iets wat hulle nog nooit gesien het nie. *(Laat almal opstaan en hulle klere afskud.)*

Toe dit lig word die volgende dag, het die priesters die ark op hulle skouers getel. Die volk het ver agter die ark gebly. Hulle mag nie naby gekom het nie. *(Laat die kinders terugstaan.)* Toe het die priesters na die vol rivier toe gegaan. Toe hulle by die rivier kom, was hulle ook maar baie skrikkerig vir die sterk stroom. *(Laat die 4 priesters met die ark gaan vassteek by die rivier.)* Hulle het toe gewag dat die Here die rivier moet opdroog, maar die Here het vir Josua gesê dat die priesters eers hulle voetsole in die water moet sit en Hom vertrou. *(Laat die voorste 2 priesters versigtig hulle voete op die rand van die plastiek sit.)* Toe die priesters dit versigtig waag om hulle voete nat te maak, het die rivier wonderbaarlik teruggetrek sodat die priesters droogvoets deur die rivier kon loop. *(Laat een van die volwassenes die stuk plastiek van die eenkant af begin oprol of opvou tot by die priesters. Gooi 'n paar papierborde neer waaroor hulle moet loop.)* Die rivier het soos een wal bly staan. Daarna het die hele volk ook droogvoets deur die rivier getrek. So kon hulle die beloofde land Kanaän ingaan. *(Laat almal deurloop.)*

Toe almal deur die rivier was, het die water weer begin vloei. *(Rol die plastiek weer oop. Laat almal omdraai en hande klap. Sing ook 'n lofliedjie tot eer van die Here.)*


Kinders kry tyd om oor die verhaal te dink:

1. Ek wonder of die priesters nie bang was dat hulle sou wegspoel nie.
2. Ek wonder of jy ook al iets moes doen wat vir jou te erg was.
3. Ek wonder of jy al beleef het hoe die Here jou help om iets reg te kry wat jy gedink het nie moontlik was nie.

- ♦ Deel die “woord soek”-aktiwiteit met die leidrade uit. Die kinders kan die woorde op, af, dwars of diagonaal kry. (Die regte woorde om te soek is onderstebo in die hoek.)
- ♦ Kleur die prent in van die priesters wat met die verbondsark deur die Jordaanrivier loop.
- ♦ Gee vir elke kind ‘n vuurhoutjieboksie met tandestokkies waarmee hulle ‘n ark kan bou. Versier dit.
- ♦ Laat die kinders moeilike goed (probleme wat hulle in die gesig staar) op die papierborde skryf. Plaas dit soos “klippies” in die rivier en loop daaroor.


Sluit af met die seënbede:

Josua 1:9: “Ek self gee jou die opdrag. Wees sterk, wees vasberade. Moenie skrik nie, moenie bang wees nie, want Ek, die Here jou God, is by jou oral waar jy gaan.”



- 1) Wat is die naam van die rivier waardeur hulle moes trek?
- 2) Wie was die leier?
- 3) Watter tyd van die jaar was dit?
- 4) Wie moes die ark dra?
- 5) In watter dorpie het hulle eers gebly?
- 6) Wat was die ark se volledige naam?
- 7) Watter deel van die priesters moes nat word?





Verbondsark:

Kopieer die patroon links op karton. Knip op die buitenste lyne uit en vou op die stippellyne. Knip die engele ook uit en vou hulle dubbeld sodat die prent op albei kante gedruk is. Die engele se "voetstukkies" vou buitentoe uit sodat die engele daarmee op die verbondsark vasgeplak kan word.

